

Skriflesing: Mattheus 24:29-35Teks: **Mattheus 24: 30, 35b**Sing- **Ps. 68:2,3; Ps. 78:3; Ps. 86:9; Ps. 23:3; Ps. 116...; Ps. 98:4**

Mat 24:29 En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.

Mat 24:30 **En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.**

Mat 24:31 En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Mat 24:32 En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.

Mat 24:33 So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.

Mat 24:34 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.

Mat 24:35 Die hemel en die aarde sal verbygaan, **maar my woorde sal nooit verbygaan nie.**

Skriflesing: Mattheus 24:29-35Teks: **Mattheus 24: 30, 35b**Sing- **Ps. 68:2,3; Ps. 78:3; Ps. 86:9; Ps. 23:3; Ps. 116...; Ps. 98:4**

Broeder en suster, ons wat vandag gereedmaak om die heilige Nagmaal te vier, Jesus se Profetiese rede het die afgelope weke sterk en nadruklik ons lewens ingekom. 'n Woord wat vasstaan, wat nooit sal verbygaan nie, die Woord praat oor dinge wat naby is maar tog ook wat vêr is. Die Woord wat die voorteken is, die vaste teken dat Christus weer in krag en heerlikheid sal verskyn. Ons het by hierdie Nagmaal ook weer met tekens te doen. Die teken van brood en wyn, alles dui as teken op Christus se liggaam en Christus se bloed. Hierdie is vaste tekens deur Christus Self ingestel.

Tog het ons gelees met Christus se wederkoms dat 'n teken van die Seun van die mens in die hemelruim sal wees. Presies wat die teken sal wees is nie so duidelik soos brood en wyn nie, maar dat dit wel die Seun van die mens sal wees en Hy die wolk as vervoermiddel weer hierheen aan ons voorstel, die wolk wat seker as teken op iets baie groter as net 'n wolk sal wys. Dit wys op groot krag en heerlikheid terwyl daar baie mense op hierdie aarde sal wees, wat smag na Nagmaal, 'n aarde waarop die mense rou sal bedrywe, waarin mense in elke opsig die Nagmaal nodig sal hê. Op die einde is die teken Hy wat Jesus Christus Self is. Die Seun van die mens, Hy is Self die teken.

Watter voorreg om te mag weet dit is waaroor hierdie Nagmaal ook om gaan. Oor Jesus Christus, die Seun van die mens. In die Evangelies lees ons 81X van die Seun van die mens. Wat dit opmerklik maak, hierdie term Seun van die mens is die mees gebruiklike uitdrukking wat Jesus ooit gebruik het wanneer Hy na Homself verwys. Ja, dit is Jesus se Eienaam vir Homself want ook gebruik niemand anders hierdie Naam nie. Dit is net Jesus wat só na Homself verwys. Dit sluit natuurlik nou aan by die profete boek Daniel, maar Daniel is ook 'n eskatologiese boek, dit wat die toekoms naby en vêr raak. Daniel 7:13-14 praat van die Seun van die mens as hemelse figuur, wat op die eindes van die tye met Goddelike gesag sal verskyn (vgl. weer Matt. 24:15). Daniel sien egter nie die tydsverskil tussen koms en wederkoms nie, by Daniel is daar geen tydsverskil tussen koms en wederkoms nie. Vir Daniel is dit een aksie, ja al het ons nou al 2000 jaar daartussen, sal dat ook een aksie wees en bly. So seker soos wat Jesus gekom het, so seker sal die een Here Jesus wat na hemel opgevaar het, sal Hy weer kom. In die oë van God is dit steeds een aksie...

U sal onthou dat laat daardie Dinsdag-middag was Jesus by monde van 4 dissipels gekonfronteer- eers oor die tydvraag ... wanneer sal dit die einde wees en direk hiermee saam oor wat die tekens sal wees wat op die einde van die wêreld dui. Die korte gelykenis oor die vyboom sal hier in die prentjie moet kom. Meer in besonderhede by die tweede diens...

Ons het gewys op die foute wat hierdie dissipels in hulle vraagstelling gemaak het. Die dissipels het basies twee verkeerde vertrekpunte in hulle vraagstelling gehad. Hulle het gedink dat die dinge wat vorentoe gaan gebeur hoef hulle nie direk daarby betrokke te raak nie. Hulle kan objektiewe toekoms springers wees, sonder dat dit hulle gaan raak. Die ander basiese fout in die dissipels se voorveronderstelling was dat as Jerusalem verwoes word en die tempel is daarmee heen dan is dit die einde van die wêreld. Jesus maak dit duidelik dat daar sal nog baie dinge gebeur, los van hulle, weg van hulle, dan is dit nog lank nie die einde nie, vóór dit werklik die einde sal kan wees. Daarom het die dissipels nie hierdie breedvoerige antwoord verwag wat Jesus hulle op hierdie laat Dinsdag-middag daar teen die hange van die Olyfberg gegee het nie. Die einde van hulle wêreld (die dissipels se wêreld) is nie noodwendig die einde wat God gaan maak nie. Nooit sou hulle kon dink dat hierdie is maar die begin van die einde. Dit is maar die begin van die smart waar smarte dui op

geboortepyne, op nuwe lewe, smarte word alles behalwe as vernietigend aangedui. Die wêreld se siekbed is nie 'n sterfbed nie, maar 'n geboortebed... Oor dit wat die dissipels verkeerd gedink het, daarvoor gee Jesus vir hulle eintlik 'n greep op wat hulle te wagte kan wees.

Ons dink baie keer ek as mens moet 'n greep op die lewe kan kry. Ek moet kan leer om myself te handhaaf, ek moet kan leer om suksesvol te wees, ek moet myself kan bewys in wie ek is en waarheen ek op pad is. Dit is my strukture, dit is my planne, dit is my doelwitte, my visie, my missie... in 'n sekere sin wil dit voorkom dat die profetiese rede trek 'n duidelike streep deur mense en hulle planne wat dink hulle kan met missies en visies hierdie wêreld verander.

Kom ons by hierdie Nagmaal net 'n slag die vraag bietjie omdraai. Dit is sekerlik 'n kernaspek van die Profetiese rede dat ek kan nie praat van my greep op die lewe en hoe ek dinge in die lewe beheers nie. Nee, dit gebeur baie keer andersom. Dit gaan oor die lewe se greep op my! Waar die Profetiese rede praat van dinge wat gaan gebeur, ja dit gaan oor die toekoms, dan gaan dinge gebeur wat ek nie die toekoms sal kan verander nie. Die toekoms waarbinne ons reeds is en waarheen ons op pad is, sal ons nie maar net van kennis kan neem en dink ek wil niks daarmee te doen hê nie. Asof ek objektief buitekant kan staan en net waarneem dinge wat gebeur sonder om daarby betrokke te raak. Hier gebeur dinge met ons waaroor ons geen beheer sal kan uitoefen nie maar waarby ons intens betrokke gaan wees...

Dit wat op godsdienstige gebied gebeur (valse christusse), op staatkundig-politieke gebied (oorloë, gerugte van oorloë), ja selfs die dinge wat in die natuur gaan gebeur (hongersnode, pessiektes, aardbewings, tsoenami's) op al drie hierdie terreine, het die Profetiese rede duidelik gewys hoe dit nie net 'n paar mense se lewens gaan raak nie. Ons almal, ook soos wat ons hier vandag by hierdie tafel van die Here sal gaan aansit, ons lewens word deur die dinge wat die Here hier sê direk geraak en sal ons selfs soos wat die tyd aanstap al meer hierdeur geraak word. Die wêreld se rouklae sal nie minder word nie...! Al die stamme van die aarde sal rou bedryf...

Wanneer die dissipels dis wonder wanneer sal die wederkoms dan plaasvind, hulle wil die Here dit vra, dan is daar klomp verse (in van die evangelies meer as 23) wat uitwys die vraag kan nie met dag en datum geantwoord word nie. Wat as belangrike merker na vore tree is dat ons as gelowiges moet weet in die wêreld gaan daar bepaalde dinge gebeur, dinge wat globaal vanaf alle kante, noord, suid, oos en wes, gaan dinge inspeel wat die globale wêreld net al meer en meer gaan insluk. Dinge in die wêreldgeskiedenis wat die ware kerk gaan dwing om nie in haarself gekeer te raak nie. Die kerk kan nooit kerk wees net om kerk te wees nie. Die kerk se prioriteit moet wees om God se stem te laat hoor. Om die evangelie uit te dra (weereens Mark 13:10)... al die nasies, al die volke, al die tale moet dit hoor, terwyl die liefde wat daar in Christus is deur die kerk sigbaar, tasbaar hoorbaar gemaak moet word. Die kerk wat in sy strukture stol sal die lewe in Christus nie kan uitdra nie, want Christus het sy kerk nie as organisasie in die wêreld ingestuur nie, as 'n globale liggaam met sware strukture nie, maar jy as lewende mens, jy is die kerk, as gelowiges is u en ek die stene, terselfdertyd word die lewende stene 'n lewende gebou. Die kerk is nie koue harde, dooie sand en steen nie, maar hoe snaaks dit mag klink, so wonderlik is dit ook.

'n Oor-georganiseerde kerk met strukture binne strukture, van so 'n kerk lees ons nie in God se Woord nie. Dat daar 'n buro moet wees voor daar 'n kerk kan wees, daar bestaan nie so iets nie. Hier 'n kring en daar 'n vierkant, wat nie 'n sirkel mag wees nie. Ons as mense kan tog dinge so belas en oorlaai, dinge so oor organiseer in strukture waar mense oral eintlik maar net hulle naam en hulle stempel wil afdruk en dit nie werklik meer om Christus, die Seun van die mens en die tekens wat Hy gee, om gaan nie. Gaan dit nog vir ons werklik om Christus en Hy alleen. Hoeveel het die kerk om mense begin draai... mense strukture wat baie geld kos maar wat eintlik nie die kerk dien nie... nog minder vir Christus dien (ek vra die vraag sonder om die antwoord te gee... wel worstel ek daarmee!)

Wie oor die kerk dink, moet nie aan mense dink wat na 'n gebou (of 'n struktuur of 'n vereniging) toe beweeg nie. Ons moet na Christus beweeg. Ons is 'n lewende gebou wat lewende mense moet wees, die gebou moet na die mense toe beweeg en juis nie andersom nie. Gewoonlik beweeg ons na 'n gebou toe, maar wie oor die kerk dink moet aan bouwerk

Pretoria- 25 Mei 2014 (Nagmaal)

dink wat weg van die gebou na die mense toe beweeg... 'n Lewende gebou vas op 'n lewende fondament Jesus Christus en die gebou is organies, lewend, die gebou moet ons wees.

Ja die meeste metafore wat op die kerk dui het bepaald nie struktureel waarde nie, maar is organies, lewend, groeiend en bloeiend, soos 'n boom wat moet groei, sout wat moet smaak gee, suurdeeg wat moet laat rys, Tussen Jesus wat reeds gekom het maar intussen het Hy opgevaar- Hy het beweeg (Donderdag herdenk ons weer die hemelvaart) maar Jesus gaan weer kom, ja die tyd tussen koms en wederkoms mag dalk vir ons voel na 'n lang tyd, ons is nou al by 2000 jaar daarvan verby maar die woorde wat Jesus met sy dissipels gepraat het, is wat ons Hy ook met jou en my praat. Lewende woorde wat nooit kan vergaan nie, lewende woorde wat altyd sal bly... Presies soos wat Jesus sê – *my woorde sal nooit verbygaan nie...*

Dit is hoe die Profetiese rede basies ingedeel word dat waar ons in die vorige weke baie dinge moes hoor wat in die wêreld gaan gebeur, hoe die wêreld in die brandpunt gaan kom en daar kosmiese gebeure sal wees, rampe, oorloë, opstande, moorde, haat en valsheid, dan is dit nie maar dinge in die wêreld waarbinne die kerk in hierdie wêreld in 'n hoekie kan gaan wegkruip en dink dit sal ons nie raak nie. Nog nooit het mense kon wegkruip van wat gebeur nie. Dit het Adam en Eva al in die tuin van Eden uitgewys. Die kerk is nie net in die midde van wêreldgebeure nie, die kerk sal baie keer in die spervuur kom oor wie die kerk is en wat die wêreld aan die kerk wil doen juis omdat die wêreld die kerk nie kan verdra nie.

Die kerk wat midde-in die tyd van koms en wederkoms kerk moet wees is kerk wat na vore sal moet kom deur bepaalde optredes, daar sal bepaalde pligte op die kerk bly rus. Ja elke gelowige kind van God, deel van God se kerk kan nie agter die gordyn gaan staan en sê ek wag dat al hierdie dinge verbygaan en dan gaan ek weer my gesig wys nie. Soos wat die Profetiese rede al verder en verder vorder word dit al duideliker dat Jesus laat val die klem al meer op wat daar gedoen moet word. Nie net wat ons verwagtinge moet wees nie maar in besonder wat ons dae moet wees.

Natuurlik staan die verwagtinge waarmee die kerk te doen gaan kry nie los van wat die dae van die kerk sal moet wees nie. Ons kom agter dat Jesus het nogal 'n paar keer vir sy kerk

gewaarsku dat julle vir julleself op die hoede moet wees. In Markus 13 wat tegelyk die Profetiese rede beskryf staan in v.9 - **9** *Maar wees julle vir julleself op die hoede, want hulle sal julle oorlewer aan regbanke, en in sinagoges sal julle geslaan word en voor goewerneys en konings gebring word om My ontwil, vir hulle tot 'n getuienis.* Hier sê Jesus vir ons julle gaan dikwels die wet teen julle kry, *julle gaan voor die regbanke gedaag word...* julle gaan selfs 'n ander soort van kerk op 'n ander manier teen julle kry... *julle kom voor sinagoges...*, julle gaan die staat teen julle kry... *julle kom voor goewerneys en konings....* Jesus noem twee Joodse instellings, sinagoges en konings, maar dan noem Jesus ook aanvanklik twee heidense instellings, regbanke en goewerneys.... Ja, die Jood en die heiden gaan saamwerk, hulle gaan saamstaan om die Christen te wil vernietig. Kerk en staat, godsdiens en owerheid span saam om die ware gelowige in die grond te verkleineer, ja die openbare mening gaan beslis nie die kerk wil dien nie... Hoe duidelik sê Mark 13:13 dit- **13** *En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam.*

Met dit ingedagte wil ons vandag Nagmaal vier. Kom ons wees vir onself op die hoede juis met die oog op die dinge wat die Here vir ons vooruit gesê het. Ons steur ons nie aan allerhande menslike toekoms voorspellings nie, maar ons is wel gereed vir die toekomspad. In elke oorlogskreet, met die breekgeluid van elke aardbewing, in die brander van elke tsoenami, op elke sterfbed, blaas die sekondes verby. Die valse geskryfte van mense, soos wat dit kom van die Jehovah-getuies van die Mormone, selfs van mense van wie ons dit baie keer nie eers verwag het nie, hulle kan ook vals wees.

Daarom moet ons God se Woord ken, ons belydenis moet maak dat ek kan onderskei, fyngevoelig moet ek my pad deur die lewe vind. Al mag ek dalk partykeer voel soos 'n blinde, God se Woord moet my voelstok wees. U weet hoe behendig 'n blinde met sy stok kan wees, so behendig moet ons God se Woord kan hanteer. Die woorde wat nooit sal verbygaan nie. Nooit het die Here aan sy kinders gesê dat ons dit maklik gaan hê nie. Daarom wil ons na hierdie Nagmaal as nabetrugting juis dieper fokus op die tekens wat die Here gee as boodskappers van sy koms. Dit kom ook weer van groot na klein, ja God se Woord soos in die Profetiese rede raak die lewe in sy grootheid en in sy besonderheid. Een oomblik het ons met die Profetiese rede 'n verkyker in die hand, waar ons baie verder kan

Pretoria- 25 Mei 2014 (Nagmaal)

sien as net wat die gewone oog kan sien, net die volgende oomblik het ons met die Profetiese rede weer 'n mikroskoop voor ons, waar die kleinste besonderheid raakgesien, uitgewys, selfs gedissekteer word in wat werklik nodig is. Ons kom hierna terug.

AMEN